

16 Februarie 2012

Jaargang 5 – Uitgawe 3

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Mensewoorde of God se woord?

So sê die Here die Almagtige, die God van Israel... (Jeremia 28: 2)

In Jeremia 28 staan twee formidabele profete teenoor mekaar – Gananja en Jeremia. Albei verkondig *so sê die Here!* Maar as 'n mens Jeremia 28 lees, kom jy tot jou ontnugtering agter die twee profete verkondig uiteenlopende boodskappe – en nou los dit jou met 'n dilemma! Wie op aarde moet jy nou glo? Wie praat namens God? Gananja of Jeremia? Wie se boodskap is menslik georiënteerde woorde, en wie s'n is die Here se boodskap?

Daar is drie moontlikhede. Eerstens kan ons sê: alleen die gang van die geskiedenis sal dit uitwys. En dit het ook so gebeur. Gananja was vals en Jeremia was eg. Maar ons kan nie 20 of 100 jaar wag om te weet wie praat namens die Here nie.

'n Tweede moontlikheid is om te vra: Wie se inhoud is in ooreenstemming met die algemeen aanvaarde teologiese tradisie, of wie se inhoud is anders en daarom uitdagend omdat dit nie vassteek by 'n uitgediende historiese tradisie nie? Gananja verkondig 'n ou populêre oplossing: *Gryp die swaard*. Jeremia verkondig 'n stadige, pynlike oplossing: *Laat die oordeel aan die Here oor, en laat God self vir ons 'n toekoms bewerkstellig*.

Eie beleid teenoor God se genade. Dis 'n teenstelling wat telkens in die kerkgeskiedenis opgeduik het. Paulus teenoor die selfgeregverdigde apostels in Galasië. In sy brief aan die Romeine verwys Paulus na die eiegeregtigheid van sy volksgenote teenoor God se geregtigheid. Later is dit Pelagius teenoor Augustinus. Nog later Rome versus die Reformasie. Dis maar enkele.

Dit mag so wees dat die onderskeid in uitgediende tradisie ons kan help. Die vraag is dan net: wat van die profete wat die Sionstradisie vernuwend en anders geïnterpreteer het as wat Gananja dit gedoen het? Moet ons hulle almal volgens ons norme afmaak as kettters? Ek glo nie.

Die derde moontlikheid lê in 'n ander rigting. Geleerdes sê: Gananja lees die tyd verkeerd. Die inhoud van sy boodskap is in orde. Dis net in 'n verkeerde tydorde. Hy roep vrede, terwyl God se uur vir vrede nog nie aangebreek het nie. Hy verkondig gister se teologie, wat 'n goeie teologie vir gister was, maar dit verword in sy mond tot vandag se ideologie. Wat waar is, word dan so goed as onwaar.

Om eerlik te wees: Van nature is ons nou eenmaal geneig om enige moontlikheid van 'n egte ontmoeting met God te probeer ontwyk. Ons is baie keer tevrede met die formele van God se Woord – solank dit sê wat ons wil hoor. Die vraag wat ons moet vra, is: Praat die Kerk nog so dat mense kan hoor wat God sê? Een van die karakters in Chris Barnard se roman *Moerland* sê die volgende bloedstollende ding: *Die Afrikaanse predikante praat op so 'n manier dat 'n mens later nie meer 'n woord kan hoor wat die Here sê nie*. Watter verskriklike moontlikheid!

Jeremia 28 vra: Wanneer is dit nou God se stem wat deur my praat, en wanneer is dit bloot ek wat praat? Hierdie spanning mag ons ooit verlaat nie. Die Woord van God moet ons altyd so gespanne maak dat ons nooit sal ophou poog om die waarheid as Waarheid te verkondig nie, en dat God self so deur ons aan die woord sal kom – al vra dit van ons wat.

Dr Christo van der Merwe, Hoof: HTK

(Hierdie is 'n opsomming van dr Van der Merwe se rede tydens die opening van die Hervormde Teologiese Kollege op 15 Februarie)



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Dr Daan van Wyk (jr) Ds Marius Kramer

Beroep ontvang

- **Dr Daan van Wyk (jr)** van Wolmaransstad na Ventersdorp
- **Ds Marius Kramer** van Rustenburg-Suid na Kampersrus

Beroep aanvaar

- **Ds Dirk van Rooyen** van Carletonville na die Belfast/Waterval Boven-kombinasie

Vakante standplaas

- **Gemeente Trichardtsfontein** is in die proses om 'n **volsorgpredikant** te beroep nadat die vorige predikant, ds Jan Rossouw, emeritaat aanvaar het. Predikante wat belangstel in 'n moontlike beroep daarheen, moet **voor of op 2 Maart 2012** hul name per e-pos stuur na nhktrichardt@vodamail.co.za. Hulle sal dan 'n bedieningsdokument ontvang met al die nodige inligting en wat voltooi en teruggestuur moet word voor of op 7 Maart 2012. Kontak die skriba, Gert Helberg, by 082 493 4552. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.



Ds Dirk van Rooyen

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by wouter@nhk.co.za gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.



Ds PM Smith

- **Ds PM Smith** word 94 op Sondag 19 Februarie. Hy is op 22 Januarie 1944 georden, en het die gemeentes Christiana, Dordrecht, Oos-Londen en Pretoria bedien. Hy was ook pastorale hulp in Gemeente Hartebeeshoek. Ons bede is dat ds Smith seën en vrede sal ervaar.
- **BERADINGSKURSUS VIR LIDMATE.** Prof Theuns Dreyer bied vanaf 23 Februarie 'n beradingskursus vir lidmate aan by Gemeente Pretoria-Oos. Die kursus vind oor ses weke plaas. Die sessies is elke Donderdagoggend om 09:00, of alternatiewelik die Donderdagaand om 18:00. Die koste verbonde aan die kursus is R150. Belangstellendes kan die gemeentelike kerkkantoor kontak by 012 460 8441.
- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan hul ontbytbyeenkoms op **Donderdag 23 Februarie** om 09:30 vir 10:00 in die kerksaal van Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg 100. Antwoord asseblief op die laatste **teen 20 Februarie** by Johanna Steyn, 012 348 2932 of 082 749 3071, of Hendrien Swart by 012 654 9766 of 083 722 3653.
- Die **SENTIK-boekwinkel** sal op **Donderdag 1 en Vrydag 2 Maart gesluit wees** vir voorraadopname. Gemeentes moet asseblief kennis neem dat geen besoekers gehelp en geen telefoniese of ander navrae dan beantwoord sal kan word nie. U kan mev Susann van Zyl weer vanaf Maandag 5 Maart kontak by 012 322 8885 x291 of sentik@nhk.co.za.
- Verskeie lesers en lidmate het navraag gedoen oor die **Kerk se webblad** wat tans **nie toeganklik** is nie. Die webwerf word verskuif na 'n vinniger bediener om

dit vir 'n groeiende getal besoekers moontlik te maak om die webwerf gelyktydig te gebruik. Dit het aanleiding gegee tot 'n aanwysingsprobleem tussen ons diensverskaffer en Telkom, wat ongelukkig soms met so 'n verskuiwing gebeur. Delitech, die Kerk se diensverskaffer, het intussen die domein www.nhka.org as **alternatief** geregistreer, en al die inligting oor die Kerk is nou daar beskikbaar. Ons vra verskoning vir die ongerief.

- **Gemeente Warmbad** se e-posadres is nhkerk@telkomsa.net. Verander gerus die besonderhede op bladsy 73 van die 2012 *Almanak*.
- Die Kerk se **finansiële jaar sluit op 29 Februarie** en gemeentes word vriendelik versoek om alle trustgelde vir Bybelverspreiding, in die besonder die erediensoffergawes van Hervormingsondag (30 Oktober 2011), voor hierdie datum aan die **Bybelgenootskap** oor te betaal indien dit nie reeds gedoen is nie. Aangesien daar op 1 November 2011 'n herindelings van die Hervormde Kerk se twee streke by die Bybelgenootskap plaasgevind het, moet die bydraes van **alle gemeentes in die RSA** voortaan by die Kempton Park Administratiewe Sentrum van die Bybelgenootskap inbetaal word. Bydraes moet verkieslik elektronies oorbetal word.

Die bankbesonderhede is soos volg:

Bybelgenootskap van SA

ABSA Kempton Park

Takkode: 632005

Rekeningnommer: 260 220 748

Gemeentes moet asseblief hul **donateursnommer** as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Posbus 2002, Kempton Park 1620. Drr Kálmán Papp of Stephan Hoffman kan by 011 970 4010 geskakel word indien daar enige navrae is.

- **Gemeente Eendracht** word **100 jaar oud op 20 April 2017**. Vanjaar is dit hul 95-jaar-vieringe. Hulle vra dat lidmate en ampsdraers hulle moet voorsien van foto's en/of inligting, veral oor die jare voor 1970, vir opname in die feesbundel wat met die 100-jaar-vieringe uitgegee sal word. Predikante soos ds MJ Goddefroy, ds J van Belkum, ds Van Warmelo, ds JJ Prinsloo asook prof Muller was op verskillende maniere betrokke by die beginjare van Eendracht. Dit sal veral gepas wees om rondom die vroeë jare van die gemeente se ontstaan inligting en foto's te kry. Kontak ds Werner Olivier by werner.olivier69@gmail.com, 082 412 7144 of 017 683 0067.
- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by marikana@nhk.co.za, of kontak haar by 083 654 0626.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by nhkdullstroom@yahoo.com of 072 116 3353.
- **NHSV**. Tydens die 46ste Nasionale NHSV Kongres in 2011 is die volgende besluit oor **ouerbetrokkeheid by skole** geneem: Kerkrade word versoek om lidmate aan te moedig om gedurende 2012 betrokke te raak by die verkiesing van beheerliggame van skole. Volgens artikels 20 en 21 van die SA Skolewet moet die beheerliggaam die belange van die skool bevorder ten einde gehalte-onderwys te verseker; die grondwet van die skool saamstel; die missie van die skool en die gedragskode van personeel en leerlinge opstel; personeel professioneel ondersteun; die tye van die skooldag en die buitemuurse kurrikulum vasstel; eiendom bestuur; en die finansies beplan en bestuur.



Beheerliggame word elke 3 jaar verkies en vakatures op die beheerliggaam moet binne 90 dae gevul word. Ouers stel nie altyd belang in die skool se bestuur nie en spreek dikwels geweldig kritiek uit teenoor die skool. Die tendens is dat groepe (politie, ouderdomsgroep, ensovoorts) bymekaar kom en die skool kaap om subjektiewe redes. Dit is nie die doel van demokrasie nie. Sowat 78% van beheerliggaamverkiesings het nie tydens die eerste vergadering 'n kworum gehad nie. By sommige skole kon daar glad nie 'n verkiesing gehou word nie. Wanneer 'n skool deur so 'n belangegroep geëskaap word, kan die godsdiensbeleid verander, tradisies kan verander, dissipline kan geleidelik verdwyn, fasiliteite kan agteruitgaan, en skoolgeld kan handuit ruk. Privaatskole is baie duur (ouerdeelname is goed want ouers betaal baie) en die gemiddelde gesin kan nie die hoë skoolgeld bekostig nie.

Beheerliggame neem besluite namens die ouergemeenskap van die skool. Afrikaanse leerlinge raak toenemend in die minderheid, en indien die ouers van dié leerlinge nie behoorlik verteenwoordig is op die beheerliggaam van die skool nie, het hulle geen inspraak in skoolaangeleenthede nie.

- **Bediening in Zimbabwe. Ds Theuns Botha** rig die volgende versoek namens die kerkraad en gemeente in Harare: Indien daar predikante van die Kerk is wat bereid is om een naweek 'n jaar in Harare te bedien, moet hulle met ds Botha in verbinding tree. Die Bothas bly tans in Bulawayo en hy gaan een naweek per maand na Harare vir bediening en die erediens. Dit is normaalweg die vierde naweek van die maand. Die gemeente wil graag twee ekstra predikante per maand uit die RSA nooi om hulle te besoek. Indien 'n ring of gemeente nie die vlugkoste kan borg nie, kan Gemeente Zimbabwe (Harare) Z\$250 bydra per besoek. Die gemeente sal sorg vir verblyf, en daar is 'n gemeentemotor beskikbaar vir die naweek. Kontak ds Botha by +263777008324 of camelhors@gmail.com vir meer inligting of 'n afspraak. Weer eens dank aan die Kerk vir volgehoue finansiële ondersteuning. Bejaardes wat alles verloor het, het steeds hulp nodig. Die gemeente self kan nie in al die behoeftes voorsien nie. Alhoewel die meeste goedere tans plaaslik gekoop kan word, is dit steeds buite bereik van mense wat geen inkomste het nie. Die twee gemeentes in Zimbabwe is ook op Facebook, en daar is ook fotoalbums van hul aktiwiteite. Die twee Facebook-skakels is [Hervormde-Kerk-Zimbabwe-Harare/190959514305330](https://www.facebook.com/Hervormde-Kerk-Zimbabwe-Harare/190959514305330) en [Bulawayo-Gemeenskapskerk/137302096362582](https://www.facebook.com/Bulawayo-Gemeenskapskerk/137302096362582).

Spesiale eredienste

- **GEMEENTE KAAPSTAD.** Op **Sondag 26 Februarie** om 09:00 sal **dr Gijsbert Bos** die Nederlandse erediens lei in die Tygerbergkompleks te ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord. Dr Gijsbert en sy vrou Jeanne is tans op besoek aan Suid-Afrika. Ook op **Sondag 26 Februarie** is **ds Geo de Kok** van Feba Radio aan die woord te Robbenweg, Melkbosstrand.

Sondag 11 Maart om 09:00 vier die gemeente die 50-jarige ampsjubileum van **prof Eddie Engelbrecht**. Die dankseggingsdiens sal gelei word deur die plaaslike predikant, ds Kathleen Smith. Oudl Frits Smit sal die diens namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) bywoon.

Navrae oor die dienste van Gemeente Kaapstad kan gerig word aan ds Kathleen Smith by kathleen@adept.co.za.

- **Gemeente Bergsig: Paassangdiens**
Sondag 25 Maart om 19:00
Sanger Jan de Wet tree op tydens die erediens
Navrae aan Marie de Wet by 082 402 4170 of bergsignhk@gmail.com



- **Gemeente Bronkhorstspruit: Eeufeesviering**
Sondag 22 April om 09:00
Kerkgebou vanjaar 100 jaar oud
Erediens en ete daarna
Alle oudlidmate welkom
Laat weet Gerda by 013 932 2929 (Dinsdae tot Donderdae 08:00-16:00)
as u gaan bywoon

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**
 - Vrydag 17 Februarie: Ds Danie Struwig (Delmas)
 - Saterdag 18 Februarie Ds Peet Esterhuizen (Wonderboom) en dr Piet van Staden (Stellenbosch/Worcester)
 - Sondag 19 Februarie Di Petri de Kock (Pierneef), Herman Gothan (Heilbron) en PM Smith (emeritus)
 - Maandag 20 Februarie Ds Nic Maré (siekte-emeritaat)
 - Donderdag 23 Februarie Dr Estelle Dannhauser (Springs) en prof Wouter van Wyk (emeritus)
 - Vrydag 24 Februarie Ds Jan Prinsloo (emeritus) en dr André Ungerer (Klerksdorp-Doringkruin)

Beplande vergaderings

- Vrydag 17 Februarie: Onderhoude vir redakteur *Die Christelike Vrou*
- Saterdag 18 Februarie: NHSV Hoofbestuur
- Woensdag 22 Februarie: Finkom van die Kinderhuise
- Donderdag 23 Februarie: Werkwinkel van Die Ondersteuningsraad
- Vrydag 24 Februarie: Raad van Finansies

Beskikbare behuising

- **Huis Tafelberger.** Nuutopgeknapte kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuse van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301, of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

Konserte en feeste

- **Sondag 4 Maart om 11:00: Jubileumkonsert**
Orrelkonsert om Pieter van den Berg se 10de jaar as orrelis te vier
Hervormde Kerk Pretoria-Oos (hv Dely- en Matroosbergweg)
Toegang gratis
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 460 8441
of aan Pieter by 072 041 3954



- **15 gratis optredes vir Hervormde gemeentes**
Op soek na 'n gaskunstenaar vir jul gemeentefunksies?
Bespreek Thinus van Staden vir optredes
Vir meer inligting en om te luister na sy musiek,
gaan na www.thinusvanstaden.co.za
Kontak Thinus by 084 589 7035 of wysmydieson@gmail.com



Kampe en wegbreke

- **Gemeente Lydenburg: Huweliksverrykingseminaar**
2 tot 4 Maart
By Floreat Riverside Lodge in Sabie
Ds Thinus van Staden van Gemeente Montana is fasiliteerder
(Thinus is besig met PhD in Gesinsbediening
en is 'n Imago-verhoudingsterapie-fasiliteerder)
Koste R2 200 per paar (sluit 3-ster-verblyf op oewer van Sabierivier,
heerlike kos en uitstekende spreker in)
Kontak ds Willie Botha by 082 786 3458 of wbot@absamail.co.za
of Liesie by 013 235 3554, of nhglydenburg@xsinet.co.za
- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
9 tot 11 Maart
By Mopani Lodge, net buite Pretoria
Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
Spreker ds Janine Bevol-Manders
R500 per persoon
Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
of janapeenze@vodamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Bergsig: Kaas-en-wyn-funksie en Kunsuitstalling**
Saterdag 25 Februarie 16:00 tot 20:00
R30 per persoon
In kerksaal hv Karel Trichardtlaan en Leonidestraat, Mountain View
Navrae aan Marie de Wet by 082 402 4170
of bergsignhk@gmail.com
- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville: Klap-'n-Tekkie**
Saterdag 10 Maart
1, 5 en 10 km pretloop by Fonteinedal Pretoria
R25 inskrywingsfooi vooraf, maar R30 op die dag
Vir inskrywings en navrae kontak Elma by 082 954 7955
(ruelma@vodamail.co.za) of Elna by 083 443 9373
of besoek www.klapntekkie.co.za
- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
Kaartjies R50
Sluitingsdatum 31 Mei 2012
Wen een van 3 groot pryse
Geborg deur FNB Tzaneen,
AMC Classic se plaaslike agent, Ria Lourens (083 727 3951),
VW Lannie Motors Tzaneen,
en skenkings van lidmate en weldoeners
Pryse vir jagters, kokke én tekno's!
Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
Prys 3: Ipad ter waarde van R6 500
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

Basaars en markte

- **Vrydag 24 en Saterdag 25 Februarie: Gemeente Bronkhorstspuit: Basaar**
Vrydagaand: Braairestaurant vanaf 17:30
Saterdagoggend: Basaar vanaf 08:00



Al die spesiale basaarlekkernye
asook vars produkte, vleis, gebak en meer
Almal welkom
Navrae aan nhbhs@telkomsa.net

- **Saterdag 25 Februarie: Gemeente Leeudoringstad: NHSV Pienkbasaar**
Vanaf 09:00 op gemeenteterrein
Tema: *Sand en see*
Seremoniemeester Gretha Pers (pers heks van die ATKV)
Kosstalletjies met lekkernye vir die vrouens
Tuisgemaakte geskenke
Uitstallers met juwele, kinderklere en ander kinder- en bababenodighede
Babakompetisie 0 tot 24 maande, dooprokuitstalling
Veiling van koeke vir kinders
Vermaak vir kinders
Manne welkom!
Kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883
- **Vrydag 2 Maart: Gemeente Kaapstad: Jaarlikse Somerkosfees**
Te Tygerberg
Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264 of kathleen@adept.co.za
- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
Basaar en kontantfondsinsameling
Kaartjieverkope met pryse te wen
Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
en kry laaste 5 kaartjies gratis
Trekking 25 Mei tydens basaar
1ste prys: R10 000 kontant
2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of 'n slagskaap
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

- **AMANZIMTOTI**
Luukse vakansiewoonstel te huur
Reg op hoofstrand, met swembad
2 slaapkamers (6 beddens)
3 badkamers, luukse kombuis, DStv
24-uur-sekureit, onderdakparkering
Loopafstand van alles
Vanaf R340 per dag
Skakel 014 736 5149 (w) of 072 209 8809



Betz Oelofse

ANDER NUUS

- Ons het pas verneem dat **Betz Oelofse**, wat in Maart 2004 by SENTIK afgetree het na byna 20 jaar as proefleser, reeds op 17 Maart 2011 oorlede is na 'n beroerte. Sy was op 11 Maart verlede jaar 72 jaar oud. Voor haar skuif na SENTIK was sy tikster by die Konservatorium vir Musiek. Betz word onthou vir haar egalige temperament, geduld, perfeksionisme en geloof.
- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:
 - o Brakpan
 - o Krugersdorp
 - o Potchefstroom
 - o Vanderbijlpark.



By die Pretoriakantoor is 'n pos vir 'n Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulpmaatskaplike-werker wat oor 'n geldige rybewys beskik.

Kontak Mariaan Steenkamp by mariaans@nhk.co.za of Charmaine Fourie by oraadpb@nhk.co.za, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **BYBELGENOOTSKAP**

- **Gholfdag in Wes-Kaap Donderdag 8 Maart**

Parow Gholflklub

Ten bate van Bybelverspreiding

Enkel puntespel

Borgskappe welkom

Kontak Mike Taylor by 021 910 8777 of 083 448 2138

of stuur e-pos na taylor@biblesociety.co.za

- **Nuwe Bybelhulpmiddels aanlyn beskikbaar**

Oorweldig deur swaarkry van die lewe?

Spesiale Bybelseleksie om nuwe hoop te gee

Laai eksemplaar van *As jou lewe donker word...* in pdf-formaat af!

Saam met God by die werk: 10 riglyne met toepaslike Skrifgedeeltes

Skryf ook in vir nuwe maandelikse elektroniese nuusbrieff, *e-BybelNuus*

Bly op hoogte van nuutste Bybelgenootskappublikasies

Gaan na www.bybelgenootskap.co.za

→ die woord en jy → bybelhulpmiddels

- **ADVERTENSIES** waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing.**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

Raad van Finansies

ABSA Bank

Tjekrekening nommer 020-000-287

Takkode 632-005

Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by www.nhk.co.za gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek stem saam met ds Dirk Stoltz en Hein Marx dat ons mooi woorde in Afrikaans moet gebruik. Ek het 'n stel *storieboeke* wat ek gereeld lees of naslaan. Dit is die *Woordeboek* van die **Afrikaanse Taal**. Daarin word *huidig* en *huidige* wel aangetoon.

Huidig se sinonieme is onder andere *tans*, *vandag*, *hedendaags*. Baie van ons mense en kinders is nie geneë om enige woordeboek na te slaan om woorde op te soek nie. Ons gryp sommer *cool*, en predikante sê dan *dit is koel*, of gebruik selfs *cool*. Kom ons gebruik die mooi woorde wat in Afrikaans beskikbaar is.”

Billy Attard, Welgelegen-Pietersburg

AGTERBLAD

Diep afhanklik van God

Die Maart 2012-uitgawe van *Die Hervormer* word volgende week aan gemeentes gepos.

Prop Elritia le Roux neem 1 Petrus as vertrekpunt in 'n besinning oor lyding. Dr André Ungerer, redakteur, skryf oor konflik en die lyding wat dit kan veroorsaak.

In insiggewende bydraes van ds Paula Eksteen-Erasmus en ds Chris le Roux word gekyk na die onderskeie perspektiewe van 'n slagoffer en 'n laksman. Wanneer mense deur misdaad getraumatiseer word, ervaar hulle 'n natuurlike drang na wraak en uiterste strawwe. Maar daar is ook 'n teenkant: die swaarkry en trauma van diegene wat die vonnis moet uitvoer (veral in die geval van doodstraf). En altyd die opdrag: *Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe* (Kol 3: 13).

Lees ook oor die bilaterale ooreenkoms tussen die Hervormde Kerk en die NG Kerk, die opening van die Afrika Instituut vir Missiologie, en die eerstejaarskampe van 2012, en volg die lewendige debat in Gespreksforum, onder meer oor dr Johann Beukes se artikel in die Januarie/Februarie 2012-uitgawe van *Die Hervormer* oor die Hervormde middelgrond.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of sentik@nhk.co.za om vir 2012 in te teken en 11 uitgawes teen R100 te ontvang. Besoek www.hervormer.co.za en lees elke keer wat in die nuutste beskikbare uitgawe verskyn.

